HANDLEIDING VIR OORLOGVOERING.

OPGESTEL DEUR : Pastoor Sarel Fourie. **HEBREWS 2:4 MINISTRIES**
NAVRAE : WhatsApp 072 413 7607
EPOSADRES : hebrews2verse4ministries@gmail.com

Kinders van Die HERE, u is so welkom om saam met ons, teen die vyand in geveg te tree en u self en ander te help om 'n oorwinningslewe te lei. Sedert vroeg in 1986 is ek in hierdie bediening besig en het, met Die HERE se groot genade, tallose mense uit die greep van verslawing, vernedering, armoede, ernstige siekte, familievloeke, onsekerheid, toordery, voodoo, duiwelbesetenheid, ongeloof, lae selfbeeld en baie ander soortgelyke bande, in die Naam van JESUS van Nasaret, bevry. Die inligting en opleiding wat u gaan ontvang, is deur jare van ondervinding opgedoen en ek gee dit met groot graagte vir u, heeltemaal gratis, want ek het dit van Die HERE, heeltemaal gratis ontvang, *Mattheus 10/8 Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.*

Hier volg 'n staaltjie om te bevestig hoe ernstig noodsaaklik dit vir die kind van Die HERE is, om te WEET wat om te doen, wanneer hy deur satan se slagordes uitgedaag word. U sal merk ek gebruik altyd kleinletters om satan se naam te noem. Nie omdat hy nie 'n gedugte vyand is nie, inteendeel, maar om te wys dat ek WEET dat hy 'n verslane een is. Die HERE se Naam ALTYD in Hoofletters, die slang, ALTYD in kleinletters. "satan, jy is onder my voete", *Lukas 10/19 Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie* en onder MY voete deur Die VREDEVORS verbrysel, *Romeine 16/20 En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel. Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle! Amen. .*
Die staaltjie.

Een sondagoggend, na kerk, vra iemand my om hom daardie aand met die kitaar te begelei sodat hy 'n lied in die kerk kon sing. Teen half vier was ek by sy huis en ons het dadelik begin om die liedjie te oefen. Skielik ervaar ek 'n vreemde vrees van my besit neem en ek kyk in die broer se rigting. Soveel haat en nyd het ek nog nooit tevore by iemand gesien nie en die volgende oomblik, sonder enige waarskuwing, val hy my aan en begin my met die vuiste bykom.

Ek het my kitaar dadelik neergegooi en naarstigtelik begin om myself te verdedig. Ek het GEWEET hierdie aanval was demonies en ek sou nie maklik en ongedeerd uit die geveg tree nie en het al my kennis uitgehaal om hom skadeloos te stel. Ek het hom met 'n heupslag oor

my rug gegooi en hom, gesig na onder, met my volle gewig, op die grond vasgepen, sy arms agter sy rug opgedraai. Ek was ten minste 10 of 15 kg swaarder as hy en het gereken dat ek nou die oorhand het, maar hy het soos blits onder my uitgekom en tussen sy tande deur gesis : "Nou maak ek jou vrek, jou hond". Nou merk ek dat sy tong onbeheerbaar, soos 'n slang, vinnig in en uit flits, sy oë starende, asof hy onder hipnose is en nie van homself bewus is nie. Om te sê dat ek groot geskrik het, sou die "understatement" van die jaar gewees het.

Skielik hoor ek baie duidelik in my gees : "Hy gaan 'n broodmes in die kombuis haal. Keer hom, in MY NAAM". Ek reageer dadelik : "In Die Naam van JESUS CHRISTUS van Nasaret, los my uit en sit". Tot my grootste verbasing, en verligting, gaan sit hy, sonder teëstribbeling, op die vloer, terwyl sy kop skeef na eenkant op sy bors hang. Ek druk aan hom en hy begin na die eenkant omval en ek kon sien dat hy amper bewusteloos is.

Toe ek dit opmerk, reken ek dis veilig om hom so te laat en haas ek my na ons pastoor se huis wat dadelik agter my aanry en bevryding op hom doen. Na omtrent 20 minute was die man by sy volle positiewe en het my innig om vergifnis gevra en die pastoor bedank en, nadat die pastor weg is, my eenkant geroep en gesê : "My broer, ek weet nie wat oor my gekom het nie, ek wou jou doodmaak en op 'n stadium het iemand in my oor gefluister dat ek 'n broodmes in die kombuis moes gaan haal om jou dood te steek, maar daarna kon ek niks onthou nie, totdat ek hier op die vloer bygekom het". Ek het hom gerus gestel en is terug huistoe.

Daardie aand daag ek, taamlik mank, met vele blou kolle by die diens op, en om nog sout in my wonde te vryf, vra die pastoor my om na die verhoog te kom, maak al my beserings aan almal bekend en sê : "Broers en susters, dis hoe 'n mens NIE 'n duiwel uitdryf nie", en onder groot gespot is ek terug na my sitplek toe. Net daar het ek besluit om nooit weer pak te kry nie en satan behoorlik op sy plek te sit indien die geleentheid hom weer voordoen. En mag ek byvoeg, dit het nie lank geduur nie, satan is in hierdie laaste tyd baie, baie doenig onder die kinders van Die HERE. Weet u hoekom? Hy weet sy tyd is min, *Openbaring 12/12* *Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.*

'n Paar dae later kontak 'n ou vriend my i.v.m. sy vader wat beroerte het en vra dat ek vir hom gaan bid. Daar gekom, vind ek die ou oom van 84 in 'n rolstoel, sy linkerkant totaal verlam, met sy tong wat by sy mond uithang. Hy het my glad nie herken nie, alhoewel ek baie gereeld 'n gas in die huis was. Ek het langs hom gaan staan, gerus gestel, met olie gesalf

en met my regterhand bo-op sy kop, ernstig vir hom gebid. Ek kon voel hoe iets, soos elektrisiteit, langs my arm afgaan en op die oom oorgedra word. Dit het my baie opgewonde gemaak en ek het net geweet Die HERE het 'n groot wonderwork gedoen. Die oom het my baie verbaas aangekyk, ek kon sien hy herken my en, met 'n belofte dat ek weer sou inloer, is ek daar weg. Toe ek 2 dae later, per toeval daar verbyry, vind ek die oom, op sy knieë in die tuin waar hy besig was om onkruid uit te trek. Prys Die HERE se Naam!!!

Ek hoop u is nou nuuskierig genoeg om van more aand, 21Maart 2012 af, ons Bybelstudie by te woon en uself te bemagtig om 'n oorwinnende lewe in CHRISTUS te verkry.
SHALOM.

OORLOGVOERING STUDIE ONDERWERPE.

1. **Tekens van demoniese aktiwiteit.**
2. **Oop deure.**
3. **Gevegs arena.**
4. **Logistieke.**

a. **Ken die vyand.**
b. **Ken die Wenspan.**

5. **Wapenrusting.**
6. **Skisofrenie.**
7. **Hierdie soort gaan nie uit sonder vas en gebed nie.**
8. **Manifestasies as simboliek.**

1. Tekens van demoniese aktiwiteit.

U moet asb kennis neem dat nie alles wat hier onder genoem word, noodwendig op demoniese aktiwiteit dui nie. Baie van hierdie tekens sal by baie mense voorkom en hulle is dalk werklik goeie, voorbeeldige mense wat hul plek in die samelewing volstaan. So kan hoogs demonies besete persone ook, onder gunstige omstandighede,voorbeeldig voorkom. Baie mense slaag meeste van die tyd om 'n masker suksesvol te dra, maar kan, onder sekere omstandighede ontplof. Ek noem skisofrenie as voorbeeld. Ek ken heelwat skisofrene en het al 'n hele paar van hulle suksesvol bedien, o.a. 'n jongman wat 6 jaar lank in Valkenburg Psigiatriese Hospitaal in Die Kaap, behandel was en ontslaan was omdat hulle niks vir hom kon doen nie.

Dierbares, ek wil nie eers een oomblik hiermee voorgee dat dokters en sielkundiges nie hierdie mense kan behandel nie, nee, ek verwys hier na mense wat a.g.v. demoniese aktiwiteit in hierdie vreeslike ongelukkige toestand vasgevang is. Ek moet aanneem dat daar mense is wat dalk deur breinskade en ander redes skisofrenies is. Ek deel later die getuienis van die betrokke jongman met u.

Wanneer ek u na die ondergenoemde verwys, bedoel ek die tekens in erge of in hiper vorm. Almal van ons het al angs of vrees beleef, ekself voel nie lekker om op 'n hoë leer te staan nie en sal nooit in my lewe probeer om Everest te klim nie. Lei ek aan hoogte vrees? Nee, ek glo nie so nie, maar miskien is ek verkeerd. Nouja, kom ons bekyk die tekens. Natuurlik is daar ook nog baie ander tekens, maar vir hierdie studie sal ons die meer algemenes bespreek.

a. Angs, vrees, bangheid, manies en fobies.
b. Lae selfbeeld, inkennigheid.
c. Trots.
d. Verslawing.
e. Losbandigheid.
f. Ongebondenheid.
g. Geweldadigheid.
h. Vloek en skeltaal.
i. Slaaploosheid.
j. Slaperigheid.
k.Hoë(hiper) aktiwiteit.
l. Moegheid.
m. Super intelligensie.
n. Disleksie.
o. Depressie, epilepsie en ander siektes.
p. Demoniese wonde.
q. Seksuele afwykings.
r. Kompetisie.
s. Kranksinnigheid.
t. Koma
u.Profesie en ander vals Gawes.
v.Onbeheerbare liggaamsbewegings.
w. Familiêre geeste en vervloekings, vrymesselary ens.

x. Insnydings en tatoeërmerke.
y. Hipnose, glasie-glasie, horoskoop.
z. Bloedverbonde en bendes.

Dierbares, ons hou vir eers hierby, maar voel asb vry om ander tekens wat u al teëgekom het, te noem. Ons sal nou, van bo na onder, al hierdie tekens of simptomes bespreek.

Wanneer ek na 'n persoon ontbied word, wat deur allerhande moeilikhede, fisies of geestelik, gepla word, is ek totaal van Die HEILIGE GEES afhanklik om my te lei. Om hierdie leiding te bekom, moet ek my soms, dae voor die tyd, geestelik afsonder en Die HERE se aangesig soek. Die vyand is egter 'n geslepe een en ek word baie maal, sonder waarskuwing by die diepkant ingegooi en, as Die HERE my bereidwilligheid EN paraatheid wil toets, is ek op my ondervinding aangewese. Ek hou nie daarvan nie, maar ons moet ALTYD gereed wees

om vir ander in die bres te tree, daarom is ons Die HERE se kinders, om 'n verskil in 'n verloregaande wêreld te maak. Toe die volk sien dat duiwels uitgaan, was hulle baie verbaas, want sulke dinge het nie voorheen in Israel gebeur nie. In *Mattheus 12/28 (Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom)* leer ons dat die Koninkryk van GOD tot by ons gekom het as ons duiwels deur Die Gees van GOD uitdryf.

Dis JESUS wat hier praat maar in *Mattheus 10* roep HY ons en gee ons ook die mag om dieselfde te doen, maar hoe gaan ons dit doen as ons nie weet HOE nie. Die dissipels het gesien hoe JESUS dit doen en ons gaan nou Bybelse waarhede gebruik om HOM dit, met sukses, na te doen. Ons gaan net Skriftuurlik optree en u kan my enige tyd voorkeer as ek iets onskriftuurliks noem. Indien ek dit doen, sal ek u voor die tyd waarsku, want soms, in die verlede het ek nogal vreemde dinge, soos ek gelei gevoel het, gedoen en ek sal u van sulke gevalle getuig.

Ons moet onthou dat ons in 'n heel ander wêreld as Die HERE JESUS en SY dissipels leef, en dat ons vandag, selfs in die tegnologie, mense kan manipuleer en hulle sinne verdraai om ons wil op hulle af te dwing. Ek moet van tyd tot tyd hande op my laptop lê wanneer hy weier om sekere take vir my te verrig en soms onderskei ek dat satan se trawante met die ding besig is en bestraf ek hulle en soms werk dit.

Ek sal nooit die getuienis van 'n ou Amerikaanse dame vergeet, wat in 'n vliegtuig was toe Mount Helen in die vroeë 1980's uitgebars het nie. Die vliegtuig se motore het 'n klomp gas en rookdampe van die vulkaniese uitbarsting ingesuig, hulle het gaan staan en die vliegtuig het begin neerstort, aarde toe. Sy vertel dat 'n klomp van die passasiers begin bid het en sy

het na buite gekyk terwyl sy ook saambid. Sy het 'n kantsitplek op die vlerk gehad en skielik merk sy twee engele, een by elke motor, met lappe besig om die vullis uit die motore te verwyder en die volgende oomblik het die motore weer aangegaan. Nou sien u, so 'n verhaal sou u nie in Die Bybel lees nie, maar Die HERE is vandag nog dieselfde as daardie tyd en mens kan dus nie hierdie verhaal as "onbybels" beskou nie.

a. Angs, vrees, bangheid, manies en fobies. Soms lyk hierdie of hulle maar almal dieselfde is, maar daar is tog wesenlike verkille te bespeur, wanneer die pastoor of geestelike werker die geval dieper bestudeer, ek maak hier baie op die leiding van Die HEILIGE GEES staat.

ANGS. In een geval is ek ingeroep om te help om 'n broer hospital toe te neem sodat hy 'n inspuiting kon kry. Hy het onbedaardelik gebewe, sy liggaam was yskoud en klam en sy mond, tong en lippe baie droog. Hy het sy skouers op en af getrek, vlak asem gehaal en sy oë het heen en weer beweeg. Ek het eers 'n papiersak geneem, oor sy mond en neus geplaas en hom beveel om daarin asem te haal. Binne minute het hy bedaar maar die oog en skouer bewegings wou nie stop nie. Ek het hom van die bed af opgelig sodat hy op die kant van die bed kon sit. Dadelik sê hy vir my dat ek hom hospital toe moet neem want hulle gee hom altyd 'n inspuiting, dan kom hy reg. Maar ek antwoord: "demoon van angs en bewing, vanaand kry jy nie 'n inspuiting nie, en jy gaan dit nie weer regkry om hierdie broer van my te laat inspuit totdat hy daarvan afhanklik kan word nie. Ons kry vanaand vir hom 'n inspuiting ja, maar nie by die hospitaal nie, maar van Golgotha af…'n JESUS-bloed inspuiting". Toe salf ek hom met olie en sê: "Broer, Die Skrif sê in *2 Timotheus 1/7, ons het nie 'n gees van vreesagtigheid ontvang nie, maar van KRAG, LIEFDE en SELFBEHEERSING.* Hierdie 3 is gawes en vrug van Die HEILIGE GEES en ou 'anxiety attack' het nie 'n kat se kans daarteen nie. demoon van angs en bewing, in Die Naam van JESUS van Nasaret, gaan uit my broer uit, nou sonder enige manifestasies en ek sal jou nooit weer toelaat om naby hom te kom nie want ek gaan hom van vanaand af leer hoe om demoonvry te bly". Toe gil die demoon kliphard en tot vandag toe, 15 jaar later, het hy nog nooit weer 'n aanval gehad nie want hy weet nou hoe om die demon tee te staan.

MATTHÉÜS 10

Die twaalf apostels en hulle sending.

(Mk. 6:7-13; Lk. 6:12-16; 9:1-6.)

[1] EN Hy het sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees.

[2] En dit is die name van die twaalf apostels: die eerste Simon wat Petrus genoem word, en Andréas, sy broer; Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, sy broer;

[3] Filippus en Bartholoméüs; Thomas en Matthéüs, die tollenaar; Jakobus, die seun van Alféüs, en Lebbéüs wat genoem word Thaddéüs;

[4] Simon Kananítes en Judas Iskáriot, die een wat Hom verraai het.

[5] Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie;

[6] maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel.

[7] En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom.

[8] Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.

[9] Moenie vir julle goud of silwer of koper in julle beurse aanskaf nie;

[10] geen reissak vir die pad of twee kledingstukke of skoene of 'n stok nie; want die arbeider is sy voedsel werd.

[11] En in watter stad of dorp julle ook al mag ingaan, ondersoek wie daarin waardig is, en bly dáár totdat julle vertrek.

[12] En as julle die huis ingaan, groet dit;

[13] en as die huis dit waardig is, laat julle vrede daarop kom, maar as dit nie waardig is nie, laat julle vrede na julle terugkeer.

[14] En as iemand julle nie ontvang nie en na julle woorde nie luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af.

[15] Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad.

[16] Kyk, Ek stuur julle soos skape onder die wolwe in; wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe.

[17] Maar pas op vir die mense; want hulle sal jul oorlewer aan regbanke, en in hulle sinagoges sal hulle julle gésel.

[18] En ook voor goewerneurs en konings sal julle gebring word ***om My ontwil tot 'n getuienis vir hulle en vir die heidene.***

[19] Maar wanneer hulle jul oorlewer, moenie julle kwel oor hoe of wat julle sal spreek nie, want dit sal julle in daardie uur gegee word wat julle moet spreek;

[20] want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle spreek.

[21] Maar die een broer sal die ander tot die dood oorlewer en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak.

[22] En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

[23] En wanneer hulle julle vervolg in die een stad, vlug na die ander toe. Want voorwaar Ek sê vir julle, julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie.

[24] 'n Leerling is nie bo die meester nie en 'n dienskneg ook nie bo sy heer nie.

[25] Dit is vir die leerling genoeg dat hy soos sy meester word en die dienskneg soos sy heer. As hulle die heer van die huis Beëlsebul genoem het, hoeveel te meer sy huisgenote!

[26] Vrees hulle dan nie; want daar is niks bedek wat nie ontdek sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie.

[27] Wat Ek vir julle in die donker sê, vertel dit in die lig; en wat julle in die oor hoor, verkondig dit op die dakke.

[28] En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.

[29] Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie.

[30] En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel.

[31] Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies.

[32] Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is.

[33] Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is.

[34] Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.

[35] Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder, en 'n skoondogter en haar skoonmoeder.

[36] En 'n mens se huisgenote sal sy vyande wees.

[37] Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie.

[38] En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie.

[39] Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind.

[40] Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.

[41] Wie 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal die loon van 'n profeet ontvang; en wie 'n regverdige ontvang omdat hy 'n regverdige is, sal die loon van 'n regverdige ontvang.

[42] En elkeen wat een van hierdie kleintjies net 'n beker kou water laat drink, omdat hy 'n dissipel is, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie.